

Februarie 2008

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Vandag se brief is seker nie van groot historiese waarde nie, maar dit help tog om die prentjie 'n bietjie in te kleur. Hier is 'n paar berigte en advertensies wat in De Volksstem verskyn het.

Belasting

Almal moet sorg dat hul belasting voor 31 Desember betaal is. Dit sluit in: Spoorwegbelasting, Wegbelasting, Persoonlike Bydrae en Hoofbelasting [V1879-11-18]. Die wegbelasting is wat ons vandag padbelasting sal noem.

Brandweerwa

Bestellings kan by Albert Brodrick geplaas word vir "Dick's Chemical Fire Engine". Dit word ook 'n Extingteur genoem [V 1878-10-01].

H.F. Gros

U het seker almal al foto's of sketse gesien van fotografe in die ou tyd wat onder 'n swart doek staan as hulle foto's neem. In 1878 het die Pretoriase fotograaf H.F. Gros die prentjie verander.

Hy adverteer die "South African Photographic Studio is now open". Die ateljee is geleë op die suid-westelike hoek van Kerk- en Van der Waltstraat. Gros het in 1877 die erf gekoop by F.R. Larkins en toe die ateljee daar gebou.

Volgens die advertensie gebruik hy nie 'n kamera nie maar wel 'n Grososcope. Die persoon wat afgeneem word kan nie die kamera of die fotograaf sien nie, en voel dus nie selfbewus nie. "Mr. Gros has so well perfected all his arrangements that he can take his own photo, a feat which we have seen him perform with perfect success" [V 1878-02-26]. Ek wonder hoe het hy dit gedoen?

James Edwin Bray

Stan Kantor het 'n paar maande gelede 'n stuk geskryf oor Bray. Hier is nog 'n stukkie van sy geskiedenis. James Edwin Bray tree op 30 Desember 1878 in die huwelik met Adriana G.A. van Alphen, dogter van I.N. van Alphen. Op diesefde dag trou haar suster Antonia C.A. van Alphen met Marthinus E.C. Gey van Pittius [V 1879-01-18].

Meteoor

Daar is verlede week 'n vallende meteoor gesien en gehoor. Maandagmiddag 12 uur is 'n meteoriet van verskillende plekke in die distrik gesien. Die Engelse koerant noem dit 'n "Peculiar Phenomenon". Volgens ooggetuies was daar 'n harde slag soos donderweer en daarna 'n groot stofwolk. Dit is op verskeie plekke naby Makwassie gesien en gehoor [V 1877-12-11].

Prospect Seminary

Die hoeksteen van die skool word deur Shepstone gelê. Geld was maar skaars en Ds. Bosman reël onder andere 'n Bazaar, 'n konsert in die Royal Dramatic Hall en 'n "Childrens tea meeting" [V 1878-04-16] om fondse vir die bou daarvan in te samel.

Die personeel is nou aangestel. Die 1ste klas word onderrig deur mev. Cumming, die 2de klas deur mej. Mynhardt en die kleuters deur mej. Ziervogel. Ds. Bosman sal Hollands aanbied [V 1879-01-18].

Daar word ook lesings aangebied ten bate van die skool. Dr. Lyle se lesing is: "How to make Pretoria a Healthy Place" en Ds. N.J. van Warmelo gee 'n lesing oor "Mahomed en die Koran" [V 1878-09-24].

Daar word weer 'n Bazaar gehou. Schiffman & Co. se nuwe gebou word goedgunstiglik beskikbaar gestel deur P.J. Marais. Daar word die dag £200 ingesamel [V 1879-11-18].

Prospect Seminary open volgende jaar op 1 Februarie. Voorlopig sal die 12 kosgangers in die pastorie gehuisves word en die klasse sal in die seminarium aangebied word [V 1879-12-02].

Reënval

John Robert Lys het die reënval opgeteken. Hy verklaar dat 1877 die droogste jaar tot dusver was. Die hitte en warm winde is die ergste die afgelope 25 jaar. Die reënval het hy aangeteken as 21.45 duim [V 1878-02-12]. Is daar miskien iemand wat dit vir ons kan omsit in mm? Ek onthou nie meer presies hoe die formule werk nie.

Ek het ook 'n bietjie gaan kyk na ander bronne. In Lochhead's verskyn die "Register van de Regenval opgesteld door Mnr. J. Lyall Soutter, op het Goewerments Gebouwen, Pretoria van 1891 tot 1912". Die gemiddeld vir Pretoria was 26.72 duim. Die hoogste was 45.43 duim in 1908-1909 en die laagste was 17.52 duim in 1907-1908 [Loc-01 p19].

Rooi verf

Een of ander handelaar in Pretoria het sekerlik 'n groot besending rooi verf ontvang. R. Cottle Green plaas 'n advertensie dat hy verhuis na sy nuwe pakhuis [dit is wat hulle 'n winkel genoem het] "Het Rode Huis" op Kerkplein langs die Goewermentskantore [V 1878-03-05].

'n Paar weke later [V 1878-03-19] adverteer Braun dat hy nou die "Red Bar" open in Kerkstraat oorkant Juta se boekwinkel.

Singer Naaimasjiene

Meer as 130 jaar gelede adverteer Kirch & Harsant al dat hulle nou agente is vir Singer naaimasjiene [V 1874-07-25]. 'n Paar jaar later adverteer Gaisford & Co. dat hulle 'n singer naaimasjien op hul veiling gaan verkoop [V 1877-11-06].

Skoollokaal

'n Verslaggewer van die koerant het die pas afgelope eksamen van die Staat Skool op Kerkplein bygewoon. Volgens hom is die skool in 'n baie swak toestand. Dit lyk erger as 'n varkhok. Die skool lê onderkant die watervoor en is dus voortdurend klam en ongesond. Daar is ook groot gate in die dak.

In die 1ste klas is pryse toegeken aan Cornelis Rissik en Jan F.E. Celliers; in die 2de klas het die pryse gegaan aan Jacobus Begeman en Jacobus Juta [V 1879-01-01].

Stoomkrag

In Januarie 1878 adverteer T. Bond dat hy 'n nuwe stoommeule op sy erf in Pretoriusstraat begin het. Dit is die eerste stoommeule in Pretoria [V 78-01-29]. Dink net die opgewondenheid van die inwoners van Pretoria toe die gedoente vir die eerste keer begin werk.

Waar in Pretoriusstraat dit geleë was weet ek nie. Ek kon ook geen foto's of ander inligting kry oor T. Bond of sy stoommeule nie. Daar is wel 'n paar advertensies van Bond & Sons in die ou koerante. Behalwe vir die stoommeule het hulle ook 'n bakkerij gehad [V 1878-02-05]. Die bakkerij in Markstraat is 'n paar maande later oorgeneem deur die bakker Johannes van Rijn [V 1878-07-30]. In Augustus [V 1878-08-20] het Bond & Sons 'n kontrak gekry vir die vervoer van goedere tydens die Sekhukoeni-oorlog.

Vroeg in 1878 plaas S.M. Tweddill 'n advertensie in die koerant dat hy besigheid doen as "Watchmaker, Jeweller, Photographer, and Wood & Metal Turner" in Pretoriusstraat oorkant mnr. Bond [V 78-01-08]. 'n Paar dae later adverteer hy dat hy hout- en metaaldraaiwerk doen by Bond se meule.

Telegraaf

Die telegraafroete na Standerton is verlede week ge-open [V 1879-09-02]. Net daarna word berig dat al die uitrusting van die Telegraafkamp per veiling verkoop gaan word [V 1879-09-23].

Water

'n Watervoor is gemaak na die militêre kamp by Klipbult [volgens Du Toit se kaart is die Klipbult ongeveer by die kruising van Bosman- en Minnaarstraat]. Nou het die stad 'n tekort aan water en die vuil badwater van die kamp loop weer terug na die stad se watervoor [V 77-11-20].

Mens wonder net wie was verantwoordelik vir die artikel. In dieselfde koerant word berig dat I.J. Lithauer die plaas Fonteine gekoop het vir £7,250. Hy gaan nou skoon water aan die stad verkoop.

Van nou af sal daar geen gratis weiding, houtkap, bymekaarmaak van dekgras of wegry van klip by die Fonteine wees nie. J.J. Mosterd is nou toesighouer by die plaashuis en aansoek kan by hom gedoen word vir boustene teen £5 per vrag, Dekgras teen £2 per 100 bondels, weiding teen 1 sjieling per dier per maand en Guano [dit is seker voëlmis] teen 2 sjielings en ses pennies per mud. 'Water Cress' is gratis. Mense wat daar wil gaan piekniek hou moet toestemming kry by die kantoor van Preller & De Villiers.

In dieselfde koerant word berig dat die plaas van J.E. Erasmus aangrensend aan die Fonteine op 'n veiling vir £1000 verkoop is.

Wilde Diere

Palframen & Reston plaas 'n advertensie in De Volksstem dat hulle wilde diere soek vir dieretuine in Frankryk, Duitsland en Amerika. Die diere moet lewendig in Pretoria afgelewer word. Onder andere soek hulle olifante en renosters [V 1879-01-04]. Ek wonder hoeveel het hulle gekry?

William Skinner verjaar

In daardie tyd het hulle graag met woorde gespeel, maar baie daarvan verstaan ons vandag ongelukkig nie meer nie. Die volgende is geskryf na aanleiding van Landdros William Skinner se 50ste verjaarsdag op 10 Februarie 1878.

The sentry who "walks his lonely round" to guard the Imperial safe, wants relief. The amount within the asbestos lined walls is so great. Our Worthy Magistrate, who enjoyed his fiftieth birthday a few hours away, has offered his services, but the "powers that be" have declined, as he can only make half a "sentry". [V 1878-02-19]



Hierdie is 'n foto van die Grand Theatre en kom uit die versameling van die Voortrekkermonument. Toe ek die foto die eerste keer sien was ek seker iemand maak 'n fout, en dat die gebou definitief nie in Pretoria was nie.

Toe ek begin soek kry ek 'n verwysing op bladsy 269 in *Longhead's Guide, Handbook & Directory* van Pretoria, 1913. Die Grand Theatre was op die hoek van Andries- en Pretoriusstraat. In 1913 was J.A. McGeorge die bestuurder. As ek die boek reg lees was dit op die suid-oostelike hoek van die kruising. Het iemand miskien enige ander foto's of geskiedenis van die gebou?

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel